

11 Januarie

Genesis 8:20-22, Jeremia 33:20-26

(Teks 8:22; 33:20, 21)

'n Nuwe Jaar: Boodskapper van God se Verbondstrou

'n Nuwe jaar: Dis so doodnormaal, die wet van die natuur. Dit was altyd so en sal altyd so wees...

Maar tog, die Here sê vir Noag: *Van nou af sal al die dae van die aarde, saaiyd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag, nie ophou nie.* Dit sê vir ons: Voor die sondvloed het die goddeloosheid van die mens so uitgebreek dat die Here met sy almagtige Hand die natuurelemente geskud het, die gang van dag en nag en jaar en seisoen in sy oordeel verbreek het.

Nou tree Hy in 'n verbond met Noag en belowe: Dit sal in hierdie bedeling nie weer gebeur nie. Dag en nag, somer en winter, jaar na jaar sal mekaar in ordelike reëlmaat opvolg. Hy sal nie daarop inbreuk maak nie...

Eeue later as die volk van die Here in die smaad van die ballingskap ingaan en die vyand spot: Die Here het sy volk verlaat, sy verbond tot niet! dan sê Hy deur Jeremia: Net so min as wat Ek my verbond met die dag en die nag verbreek, net so min sal Ek my verbond met my volk verbreek! So vas staan my verbond, so onwankelbaar. So getrou is die Here onse God. Soos die kom en gaan van elke dag, elke seisoen, elke nuwe jaar.

En Hy noem dit 'n Nuwe Verbond; die verbond wat in die Seun van Dawid werklikheid word; Jesus Christus onse Here in wie sy nuwe Godsvolk gered word tot die ewige lewe...

'n Nuwe jaar...? Boodskapper van God se verbondstrou. *Soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie, so seker sal U trou nooit wankel of beswyk nie!* So vas, so seker is jou redding in Christus!

Sing Psalm 89:1 en 14

Ds. C. Aucamp (Thabazimbi)